MAAND-kRANT

CHRISTELIKE 20/20-VISIE IN 2020

Daar is net een keer elke eeu 'n jaar waarin die getal van die eeu en die getal van die dekade dieselfde is... en vanjaar is weer daardie jaar! Twintig-twintig – dit sê so lekker maklik. Miskien het jy ook met die aanbreek van die nuwe jaar foto's gesien van mense wat met sulke 20-20-brille rondloop, of miskien het jy self een opgehad. Want behalwe dat 2020 maklik sê, is dit ook maklik om 'n verspotte bril te maak waarvan die twee glase opgemaak word deur die twee nulle van 2020. Nouja, behalwe dat hierdie 2020 brille goeie nuwejaarsfoto's gemaak het, het dit seker vir baie mense wat dit opgehad het, ook die simboliek van 20/20 visie saamgedra.

Terloops, het jy geweet waar die uitdrukking 20/20-visie vandaan kom? In die 19de eeu het 'n Nederlandse oogkundige, Herman Snellen, 'n muurkaart ontwikkel waarmee die skerpte van 'n mens se visie gemeet kan word. Wanneer 'n mens die toets neem staan jy 20 voet (6 meter) vanaf die kaart. Dan hou jy jou een oog toe en begin die letters van bo af lees. Die letters word ry-vir-ry ondertoe al hoe kleiner. Afhangende van die kleinste ry letters wat jy kan lees word 'n punt aan jou toegeken vir daardie oog. Dan doen jy weer dieselfde met die ander oog. Snellen het die punt vir standaard goeie visuele sig met die uitdrukking 20/20 aangedui. Vandag is hierdie kaart al baie aangepas, maar die uitdrukking het veral in die simboliese betekenis daarvan gebly: as jy 20/20-visie het, dan het jy helderheid, en weet jy mooi duidelik hoe sake staan.

Nou is die vraag: waaroor het jy en ek 20/20-visie vir die jaar 2020 wat voorlê? Die strategiese beplanners is lief om te praat van goed wat 'n mens weet dat jy weet (soos byvoorbeeld wanneer die skole begin en sluit), goed wat jy weet dat jy nie weet nie (soos byvoorbeeld of dit 'n baie koue winter gaan wees hierdie jaar), en dan die gevaarlikste kategorie: goed wat jy nié weet dat jy nié weet nie. Laasgenoemde is goed of gebeurtenisse wat op jou afsluip sonder dat jy dit hoegenaamd verwag het, en wat jou katastrofies dan heeltemal omver kan gooi.

En as 'n mens jouself nou strategies wil weerbaar maak vir die jaar wat voorlê, dan moet jy jou bes probeer om hierdie "blinde kolle" so klein as moontlik te maak. Maar weet jy, nog veel dieper en belangriker as op 'n strategiese vlak, is daar 'n ander visie wat ons as Christene het, en wat ons ook moet beoefen in die jaar wat voorlê. Paulus spoor die Korintiërs tot hierdie visie aan wanneer hy skryf *"Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig."* (2 Kor. 4:18) Die onsigbare dinge is nie minder werklik nie, maar dit is die dinge wat met die oë van die gees raakgesien word: God se Aanwesigheid in elke oomblik van elke dag; God wat die diepste geheim van al my omstandighede is – ook die swaar en slegtes; God se koninkryk wat aan die kom is in die wêreld – juis omdat Jesus Christus opgestaan het uit die dood.

Hierdie is die onsigbare dinge waarop 'n mens tog jou oë kan rig. Dit is immers juis wat geloof is, soos wat die Hebreërskrywer ook in sy 11de hoofstuk skryf oor die gelowiges van die verlede: *"Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daaroor gejuig, en hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is."* (Hebr. 11:13) Hoor jy dit? Daar is 'n ander kyk – 'n geestelike visie wat dieper as die buitekant kyk. Mag die Heilige Gees vir jou en vir my help en lei sodat ons geestelike visie al hoe helderder en duideliker sal word: geestelike 20/20-visie in 2020!

~ Jaco Kruger

GEE JOUSELF 2
2020
Rom 12:1 Gee jouself

9 Februarie:
- Leiers kenmekaar

12 Februarie
- Belydenisgesprekke

15 Februarie
- Seniorsontbyt by die boeremark

16 Februarie
- Vier die liefde
- Nuwe Geloofsfamilie (1 van 3)

18 Februarie
- Nuwe Geloofsfamilie (1 van 3)

23 Februarie
- Nuwe-lidmate-viering en Kleingroep-handskud

Wapadrant Finansiële Sake

Tot en met einde Desember 2019



Die 2019 Finansiële state van die Gemeente is nou afgesluit en hier is die eindresultate en opsomming daarvan:

* Die jaar is afgesluit met 'n **bedryfsurplus** van **R 762 069**.
* Die totale **inkomste** was egter **R 468 120** (4%) minder as in die ooreenstemmende tyd in 2018.
* Die totale **uitgawes** was ook **R 1 566 717** (11.4%) minder as in die ooreenstemmende tyd in 2018.

Die volledige oorsig van die **2020-Begroting** is in die vorige Maand-krant, einde 2019 geplaas. (Dit is op die gemeente se webblad beskikbaar, onder "Publikasie")

Dankoffer-inligting					
Maand	**Aantal potensiële *bydraepunte**	**Aantal punte met geen beloofde bydrae**	**Aantal punte wat beloof het maar geen bydrae maak nie**	**Aantal punte wat agterstallig is**	**Getroue bydraers**
Aug 2019	*(1 108) **(1 666)	356 32,13%	80 7,22%	148 13,36%	524 47,29%
Sept 2019	*(1 115) **(1 670)	359 32,20%	77 6,91%	151 13,54%	528 47,35%
Okt 2019	*(1 101) **(1 650)	347 31,52%	78 7,08%	149 13,54%	527 47,86
Nov 2019	*(1 095) **(1 647)	337 30.78%	77 7.03%	148 13.52%	533 48.67%
Des 2019	*(1 095) **(1 623)	335 30.59%	77 7.03%	154 14.07%	529 48.31%

* Bydraepunt : Getroude man en vrou = 1 bydraepunt
Belydende lidmaat in dieselfde gesin = bydraepunt
Enkellopende belydende lidmaat = bydraepunt

** Belydende lidmate

Hou asseblief in gedagte dat, vir die gemeente om effektief te kan funksioneer, daar finansiële verpligtinge is wat nagekom moet word. Dit beteken dat finansiële bydraes vanaf die lidmate ontvang moet word waaruit die bedryfsuitgawes gedek kan word. 'n Deel van die bedryfsuitgawes is o.a. ook 'n persentasie van die gemeente se totale inkomstestaat wat aan die Administratiewe Buro te Potchefstroom oorbetaal moet word. Meer volledige inligting oor hierdie ramings kan gesien word by http://www.wapadrant.co.za/finansiele-sake.html. Daarom maak ons staat op elke lidmaat se dankofferbydraes.

Indien lidmate nie oorbetalings aan die gemeente doen nie, beteken dit die ander lidmate in die gemeente wat wel bydraes maak, "borg" die nie-bydraende lidmate, vir die genoemde uitgawes wat aangegaan moet word. Moet asseblief nie die genoemde finansiële bydraes (wat in kerkterme ook 'n dankoffer *genoem word), in die liefdegawesakkie plaas nie, want die liefdegawes gaan nie vir dieselfde doel nie. (Maak asb gebruik van die dankoffervorm.)*

Maniere van afdra van Dankoffer

- **Direkte inbetaling** op kerk se bankrekening/per internetbank of per aftrekorder by jou eie bank. Bankbesonderhede: Gereformeerde Kerk Wapadrant, ABSA rek nr 349 0151 957, takkode 632 005. BAIE BELANGRIK: Naam, van en doel as verwysing. (Behalwe in die geval van 'n anonieme inbetaling.)
- Indien jy anonieme bydraes wil maak, plaas kontant/tjek in `n koevert en sit in liefdegawesakkie of doen 'n elektroniese oorbetaling in kerk se bankrekening.
- **Debietorder:** Reël met kerkkantoor by kantoor@gkwapadrant.co.za of volg hierdie skakel vir vorm http://www.wapadrant.co.za/finansieumllesake.html
- **Nog 'n manier om jou dankoffer/liefdegawe oor te betaal:**

Snapscan – Vir gerieflike en vinnige betaling
Gaan na http://www.wapadrant.co.za/finansiele-sake.html vir instruksies

Snap here to pay
SnapScan

Naaldwerkklasse 2020

vir kinders en volwassenes!

Verskeie kursusse beskikbaar
'Beginner's Basics'
'Above Basics'

Vir meer inligting en registrasie skakel Elizabeth by 079 405 1266,
elizabeth@belibre.co.za

www.belibre.co.za

Be Libre

Vroue Bybelstudie

Die Vrouebybelstudiegroep kom gedurende die skoolkwartaal elke Dinsdag van 9h00 tot 10h00 bymekaar in die toringkamer suid.

Indien jy behoefte het aan geestelike groei maar huiwerig voel in 'n groot groep, kom sluit gerus by ons aan. Ons is 'n klein groepie wat mekaar se laste dra en in mekaar se vreugde deel. Geen druk word op enigiemand geplaas nie. Jy hoef nie hardop voor te lees of te bid nie, kom sit net by en luister en deel in die onderlinge liefde en kennis van die Woord.

Ons ouderdomme wissel van jonk tot oud, enigeen is welkom.

Ineke du Preez
Skakel my gerus by 0826494907

Attestate

Attestate / Bewys van Lidmaatskap ontvang van:
Van NG Kuruman: Lourens Jacobus en Chantalle Burger (Smith)
Van NG Lux Mundi: Anthon Michael Raubenheimer
Van NG Vaalwater: Werner Ignatius van Zyl
Van NG Kempton-Kruin: Madelein van Zyl (van Niekerk)
Van GK Rietvallei: Anneri Vorster
Van GK Centurion: Louis Tjaard Petrus Venter

Attestate / Bewys van Lidmaatskap aangevra vir:
Johannes Christiaan Opperman en Karin Roux (Prinsloo) en dooplidmate Cara en Rentia.
Phillipus Karl, Karin en Elizabeth Magdalena du Plessis (van den Heever)
Anél Ferreira (du Plessis) en dooplidmate Lukih en Kaihlo
Adriana Viljoen
Gabriël Ernst Botha
Jan Maatjan en Lourens Stefanus Daniël Ferreira
André Waldo en Christine de Klerk (Steyn)
Tjaart Andries en Theresa Magdalena Conradie (Lacante) en dooplidmate Julia en Carla
Wiehan en Erika Cronje (Erasmus) en dooplidmate Dawid en Reuben
Nadine Kramer (Basson) en dooplidmaat Cornelius Adriaan
Na GK Pretoria-Annlin: Ruan en Antoinette van Rooyen (Badenhorst)
Na NG Skuilkrans: Schalk Willem Jacobus en Izelle Visser (Reyneke) en dooplidmate Hendrik Christoffel en Schalk Willem
Na GK Rustenburg: Daniël Jacobus en Sarie Ragel Kruger (Strauss)

Preke regstreeks uitgesaai

Die 08:30-eredienste word regstreeks op *Facebook* uitgesaai. Besoek die gemeente se *Facebook*-blad: soek vir 'Wapadrant gemeente' en klik op die 'Videos'-skakel.
Raak betrokke by die *Digitale bediening* - kontak Bernard van der Merwe by 0827456728

Jeugbediening 2020

En so begin ons jaar met baie opgewondenheid. As gemeente het ons besluit om meer te fokus op ons jeug, want hulle is tog ons toekoms. Ons het baie opwindende projekte beplan vir 2020 en het die insette van ons jeug gebruik om die jaar se aktiwiteite te beplan volgens hulle belangstelling.

Ons het jeugleiers aangestel om te help met elke aktiwiteit. Elke graad het twee tot vier jeugleiers.

Daar is elke maand 'n klein aktiwiteit wat die jeug gaan doen om met die gemeente te deel volgens die maand se tema. Byvoorbeeld, Januarie het ons 'n oornagaand gehou vir die jeug om die jaar in te lyf en sodat die kinders mekaar kan leer ken.

In Februarie, om Valentynsdag te vier, gaan twee van ons jeugleiers 'n stukkie uit die Bybel lees vir die gemeente oor die liefde en die kinders gaan ietsie vir hul mammas en pappas in hul klasse maak. So gaan die lys aan tot Desember, waar ons weer 'n Kersspel gaan hou.

Wat ook vir ons belangrik is, is dat ons jeug betrokke is in ons gemeenskap en dat hulle betrokke raak by uitreikaksies. Ons het 'n sopkombuis gereël in die winter en ons gaan ook Kerspakkies maak vir die minderbevoorregte kinders.

Ons moet ook ons kinders bemagtig om in vandag se samelewing sterk te staan teen invloede van buite en as ware kinders van God op te tree en besluite te maak. Ons het dus besluit om die lesmateriaal wat op Sondae in die klasse bespreek word te verander en nuwe boeke vir hulle aan te koop. Die Gr.1- tot Gr.3-kinders gaan bly by die 'ODOS'-boekies en Gr.4 tot Gr.11 gaan met 'Jeugfokus'-materiaal begin.

Waaroor ons ook vreeslik bly is, is dat ons hoërskoolkinders ook in die oggende, saam met die laerskoolkinders, hulle jeuggroepe gaan hê. Dit gaan verseker almal se Sondagaktiwiteite aansienlik makliker maak.

Mag 2020 vir almal 'n geseënde jaar wees vol liefde, voorspoed en geluk. Ons sien baie uit om hierdie jaar hand-aan-hand saam te stap en **'meer van onsself te gee'** om Gereformeerde Kerk Wapadrant 'n standvastige gemeente te maak wat groei in ons verhouding met God.

Rom 12:1 Gee jouself

Lara Lee Fivaz

Jeugouderling

Hoe groot is God?

'n Klein seuntjie vra sy pa: "Pappa, hoe groot is God regtig?"
Die pa kyk op na die hemel en sien 'n vliegtuig wat deur die lug vlieg. Hy vra sy seun: "Hoe groot is daar-die vliegtuig?" Die seuntjie antwoord: "Baie klein. Ek kan dit amper nie sien nie".
Hierna neem die pa sy seun na die lughawe toe. Terwyl hulle aanstap na 'n vliegtuig, vra die pa: "Seun, hoe groot is die vliegtuig nou?" Die seun antwoord: "Sjoe, pappa. Dit is enorm!"
Hierna sê die pa vir sy seun: "God se grootte hang af van hoe *naby* jy aan Hom is. Hoe nader jy aan Hom is, hoe groter en groter sal Hy in jou lewe wees.

Beroepenuus

BEROEPE AANVAAR

- Proponent DH Verryn (Hendrik) na GK Potchefstroom-Suid
- Proponent R Boersema (Reinhart) na GK Vryburg
- Ds HJ Briel (Hennie) van GK Petrusburg/Boshof na GK Kimberley
- Proponent MD Meijer (Dirk) na GK Bloemburg

BEROEPE BEDANK

- Proponent MD Meijer (Dirk) na GK Daspoort
- Ds OJ Struwig (Ockie) van GK Frankfort na GK Pretoria

Sonskyn Kinderkamp

Die Sonskynkinderkamp van 2-4 Desember was ‘n wonder-like belewenis vir my en my gesin.

Ons bedien jaarliks duisende kinders in skole, kerke en kampterreine, maar hierdie kamp het beslis uitgestaan as een van die hoogtepunte van ons jaar. Die manier waarop Pure Joy se personeel die kinders ontvang het was prettig, vriendelik en gasvry. Errol het gesorg dat elkeen ‘n slaapplekkie, t-hemp en geskenkpakkie ontvang. Sommer kort na die verwelkoming en kampreëls kon die kinders hul swemklere gaan aantrek en begin met hope pret in die swembad. Nadat almal gebad en droog aangetrek het, was dit tyd vir aandete. Heerlike tuisgemaakte kos, die tipe wat jou ma sou maak…. Na aandete het ons die kinders in groepe ingedeel en kon ons begin met die aandprogram.

Die kinders is in spanne opgedeel en Errol het gehelp om die spangees hoog te hou. Tydens die geestelike sessies het die kinders mooi deelgeneem aan die lofprysing en ons het ervaar dat daar saadjies in goeie grond gesaai is. Die kinders het elkeen ‘n Bybeljoernaaltjie gekry wat Errol in die oggend-bewuswording met hulle gedeel het. Buiten vir al die sport en spele, pret en plesier van elke dag, het die laaste aand se sessie by die kruis vir my sterk uitgestaan. Ons hartsnare is geroer toe die kinders by die kampvuur reageer op die uit-nodiging om ‘n skoon begin te maak en vergifnis toe te pas.

Die Here het voor ons oë harte gesond gemaak, seer verbind en lewens nuutgemaak. ‘n Mens kan nie anders as om die Here te dank vir gemeentes soos Wapadrant en leiers soos Errol en andere wat ‘n passie het om gebroke kinders heel te maak nie. Die kamp het met ‘n groot gejuig geëindig toe die wenspan aangekondig is. Ons kan nie wag vir die volgende kamp nie en hoop dat die volgende een op dieselfde hoogtepunt sal be-gin as waarop hierdie een geëindig het. Baie dankie aan elke borg, voorbidder en helper.

Dankie dat ons hierdie stukkie hemel op aarde saam met julle kon meemaak. Hoop ons sien julle sommer gou weer.
Liefde, Erich Posthumus en die Goeie Nuus Fabriekspan.

Errol, Wapadrant se Jeugwerker wat ook die kamp bygewoon gewoon het, bedank graag elkeen wat bygedra het tot die sukses van die kamp.

Chrisante Hospitaalbediening

SAMEROEPER: Véra Tollig 012 997 2678 of 082 6446 741 of tollig@woodlandsnet.co.za

PRETORIA-OOS HOSPITAAL: TEL: 012 422 2300

2-8 FEBRUARIE 2020
Bernard Tollig (Do): 082 900 1816 / 012 997 2678;
Willem de Ronde (Di): 082 923 4698/ 012 998 5070;
Lizzy Nel (Woe): 079 405 1266

9-15 FEBRUARIE 2020
Daleen v Wyk (Do): 991-3312 / 082 926 3498;
Henriëtte Coetzer: 076 309 5855 / 012 997 5036;

16-22 FEBRUARIE 2020
Bernard Tollig (Do): 082 900 1816 / 012 997 2678;
Willem de Ronde (Di): 082 923 4698/ 012 998 5070;
Lizzy Nel (Woe): 079 405 1266

23-29 FEBRUARIE 2020
Daleen v Wyk (Do): 991-3312 / 082 926 3498;
Henriëtte Coetzer: 076 309 5855 / 012 997 5036;

LIFE FAERIE GLEN HOSPITAAL: TEL: 012 369 5600
Jan Tollig: 807-0891 / 082 331 2756 (S)**;**
Henrikus Verhoef: 082 558 4450 / 012 993 0919

KLOOF HOSPITAAL: TEL: 012 367 400
Erica Hogendoorn: 083 408 7894

WILGERS HOSPITAAL: TEL: 012 807 8100

2-8 FEBRUARIE 2020
Braam Gous: 361 7632 / 082 468 3808 (Woens);
Anmarie Steyn: 082 562 2839;

9-15 FEBRUARIE 2020
Nancy Snyman (Woens): 803 1561 / 074 588 3374;
Cora Vorster: 012 361 6727; Aly van Hoven: 012 807 1856 / 072 275 9134; Sonia Röhrs (Do): 082 807 1698;
Anmarie Steyn: 082 562 2839;

16-22 FEBRUARIE 2020
Cor Meindertsma **(S)** (Di): 082 551 6183 / 012 991 2719; Suzette Schoeman (Woe & Do): 076 452 3371;
Truus Meindertsma (Vry): 082 551 6183 / 991 2719;
Anmarie Steyn: 082 562 2839;

23-29 FEBRUARIE 2020
Braam Gous: 361 7632 / 082 468 3808 (Woens);
Anmarie Steyn: 082 562 2839;

ANDER HOSPITALE:
Peet en Lacia Vermeulen: 082 336 8465 (Oos van N1);
Rassie Smit 082 877 1482 (Wes van N1)

EUGENE MARAIS, JAKARANDA, MUELMED, LOUIS PASTEUR, MEDFORUM, ZUID-AFRIKAANSE HOSPITAAL
Rassie Smit: 082 877 1482; Ben Nel: 335-2411 (W) / 083 466 1264 & Miemie Mennen

MUELMED, HART & ZUID-AFRIKAANSE HOSPITAAL, JAKARANDA, UROLOGIE
Rassie Smit: 082 877 1482; André Sandilands: 081 205 8669 / 071 302 4593;

KINDERBEDIENING:
Rita Schoen: 012 809-1459 / 082 662 3964

ONDERSTEUNINGSDIENSGROEP (PASTORAAL):
Vorster Combrink: 082 872 9725

SENIORS - TUISBESOEK:
Daleen v Wyk: 991-3312 / 082 926 3498;
Petro Bouwer: 991-7229 / 082 450 5091;

KANKERPASIËNTE / ONDERSTEUNING / BESOEKE
Anet Hofmeyer: 072 5312 378
Mariëtte Smit: 082 657 1201

BRONBERG AFTREE-OORD - 086 136 4616:
Jan de Beer: 083 286 3960

Onthou om asb. die Kerkkantoor in kennis te stel indien jy hospitaal toe gaan vir enige operasie of mediese prosedure by admin@gkwapadrant.co.za of (012) 991 5623

Café BOMA

Ons verwelkom graag

- *Bybelstudiegroepe*
- *Selgroepe*
- *Ontbytvergaderings*
- *Groepe om spesiale geleenthede te vier*



Ten volle gelisensieer
Ons is nou Vrydagaande oop
Moreleta Plaza 012 998 1617

Sedert 1994 | www.bomameat.co.za

"Maar gelukkig is die mense wat op die Here vertrou... hulle is soos bome wat langs 'n rivier staan..." **Jeremia 17:7-8**

ABBO Bybelse Beradingskursus

In Kursus 1 word gelowiges toegerus om
Bybelse dinamieke van verandering
in hul eie lewens en die lewens van
ander te verstaan en toe te pas

Aanbiedingswyse

Kursus 1 bestaan uit 2 semesters wat per **korrespondensie** aangebied word.

4 kontaksessies word gedurende die jaar aangebied by

- **Radiokansel in Kilnerpark, Pretoria**
- **Radio Kaapse Kansel in Durbanville, Weskaap**

1ste kontaksessie is geskeduleer vir **Sa. 15 Februarie 2020**
Studiegidse word op CD verskaf en by die 1ste kontaksessie uitgedeel. Studiemateriaal is ook elektronies beskikbaar. By kontaksessies leer aanbieders en studente mekaar ken en daarna word inleidende lesings aangebied.
Elektroniese ondersteuning word met behulp van Powerpoint-aanbiedings, Dropbox en Whatsapp verskaf.

KONTAK Marietjie Bezuidenhoud vir registrasie
Tel: 012 334 1286; 084 745 8882
marietjie@abbo.org.za; www.abbo.org.za

Almal se mandjie

Meenthuis in Faerie Glen te huur. Twee slaapkamers, 2 badkamers, motorhuis (enkel) met dubbel motorafdak en studeerkamer. R8500 per maand. Beskikbaar van 1 Maart 2020.
Kontak Peet by 082 336 8465

Ruim woonhuis te huur in Retire At Midstream.
Beskikbaar vanaf 01 Maart 2020;
3 slaapkamers, 4 badkamers, 3 leefareas en dubbel motorhuis.
Vir meer inligting kontak Pieter Venter by 082 550 4853

Op soek na **betrekking in Pretoria**: Laboratorium of administratiewe werk.
Basiese boekhoudingkursus deur Sage voltooi.
Besig om Pastelkursus te voltooi.
Kontak: Sonika 0794561810 of sonika.grobbelaar@gmail.com

M·A·P movement
QUALIFIED TRAINER

Beweeg wanneer jy kan. Beweeg voor jy nie meer kan nie

Is jy bo 60?
Staan jy so 'n bietjie moeiliker op vanuit 'n stoel deesdae?
Of beweeg "dinge" so 'n bietjie stadiger as 10, miskien 5 jaar terug?

Moet dan nie langer wag tot alles stil gaan staan nie!

Kom rek, strek en versterk saam met my, **Christelle van der Walt**.
En
Kom ons sit die wip terug in jou sit,
en
Brei, trek en knyp 60 terug na 55

Vir meer inligting kontak my gerus by 083 651 6242

Lindiwe is op soek na 'n **administratiewe pos**. Sy is besig om 'n kursus in Publieke Administrasie te voltooi. Sy het reeds die praktiese afdeling geslaag en sal haar sertifikaat in Junie 2020 ontvang. Totdat 'n administratiewe geleentheid hom voordoen, is sy bereid om pos as skoonmaker (ook aan huis) te beklee. Kontak Lindiwe by 072 701 3788.

Praktiese Dissipelskap-Opleiding Werkswinkel
Vrydag aand & Sat oggend
6 & 7 Maart
Het jy vrymoedigheid om met ander mense te praat oor God se liefde ?
Oorkom jou vrees! Kom stap die pad saam met ons hierdie jaar.
Kontak Henricus Verhoef 0825584450



Graag groet ons al ons donateurs in die mooi naam van ons hemelse Vader.

Dankie vir die jaar wat julle so getrou by ons huis betrokke was. Dankie vir die getroue hulp en bydrae wat ons ontvang het die Desembervakansie.

Liefde,
Johnny en Soekie en al die mense by Huis Ebies

Diakonie²

Welkom 2020! Hierdie jaar gee ons, die Diakonie, onsself in KWADRAAT!

Wat beteken dit om ‘n diaken te wees? Die woord **"dien"** vertaal vanuit die Griekse woord **"diakoneo",** wat letterlik **"through the dirt"** beteken. Die woord verwys na 'n begeleier, 'n wag of een wat ander bedien.
In Wapadrant sien ons, as Diakens, kans om deur die “modder” te werk vir mekaar en so diensbaar te wees en ons roeping vanaf God tot diensbaarheid op te neem.

Ons taak is as’t ware om die gemeente se toegewyde HANDE EN VOETE te wees ten opsigte van die gemeente se administratiewe of organisatoriese take en ook die versorging van die gemeente en sy lidmate se fisiese behoeftes. Ons nooi elke lidmaat uit om die Diakonie in gebed te ondersteun in 2020 en ook JOUSELF te kom GEE in KWADRAAT.

Ons deur staan altyd oop tot hulpverlening, dienswerk en diegene wat graag saam met ons op gefokusde manier wil dien!

Kontak gerus vir Gert Kok (083 395 6959 / gertjkok@gmail.com) of Donette Kruger (082 855 3971 /donette@dwk.co.za) indien jy hulp benodig of dalk deel wil wees van gefokusde dienswerk.



Het God my lief?

VRAAG

Constant en Riaan het aan die redeneer geraak oor ‘n interessante onderwerp. Constant voel sterk dat niemand oor die onderwerp seker kan wees nie en Riaan voel weer die teenoorgestelde. Maar Riaan weet nie genoeg om Constant van die teendeel te oortuig nie. Hulle besluit om ‘n predikant se hulp n te roep. Hulle redeneer dat hy die antwoord op hulle vraag behoort te ken: “Is ek vir God belangrik? Het God my lief?”

Hier volg wat die Bybel oor jou sê, met ander woorde hoe belangrik jy vir God is en hoe lief Hy jou het. Lees en oordink dit.

Jy is gered uit genade (Ef. 2:8-9)	Jy is kind van God (Joh. 1:12)	Jy is gekoop (Gal. 3:26-27)	Jy is ‘n tempel (1 Kor 3:16; 6:19)	Jy is iemand met sagte oë (Matt. 5:7)
Jou denke is nuutgemaak (Rom. 12:2)	Jy is meer as ‘n wenner (Rom, 8:37)	Jy is ‘n vriend van God (Joh. 15:15)	Jy is ‘n heelgemaakte kleipot (2 Kor. 4:7)	Jy is ‘n nuwe mens (2 Kor 5:17)
Jy is vergewe (Kol.3:13)	Jy is familie van God (Rom, 8:16)	Die Gees lei jou om soos Jesus te leef (1 Joh. 2:6)	Jy is tot alles in staat (Fil. 4:13)	Jy is ‘n wingerdloot (Joh. 15:1,5)

GELOOFSBRIL

Die grootste guns wat ‘n mens God kan bewys, is om te word wat Hy bedoel jy moet wees. ‘n Rabbi het eenkeer vir sy gemeente gesê: “As ons eendag doodgaan en hemel toe gaaan, sal ons ons Skepper ontmoet. Weet julle wat gaan Hy vir jou vra?” Sy gehoor het hulle koppe geskud. “Nie hoekom het jy nie ‘n Moses geword, of dit en dat nie, nee, Hy sal vra hoekom het jy nie te volle jy geword nie.”

DINK HIEROOR

Dink hieroor: “Die mens is God se meesterstuk” en: “Nou, met God se hulp, kan ek myself word.” “Wat is die grootste sonde wat ‘n mens kan doen? Om te vergeet dat hy ‘n kind van God, die Koning, is. Onthou elke dag hoe lief God jou het.

ONTHOUVERS

U het hom so belangrik gemaak dat hy amper soos U is; U behandel hom soos ‘n koning (Ps 8:6, Die Boodskap).

Uit: Aanvaar God my net soos ek is? Ewald van Rensburg

Herwinning

Elektroniese afval kan nou veilig herwin word. Plaas alle ou drukkers, CRT-skerms, LCD-skerms, moederborde, *RAM*, hardeskywe, PVC-kabels, rekenaarkaste, *servers, switches, UPS*, enige aluminium, koper of brons, 12V-batterye, kragvoorsieners (*power supplies*) of sentrale verwerkingseenhede (*CPU’s*) in die groen herwinningshouer langs die heining links van die ingang.

Herwinningshouers is ook beskikbaar
vir die volgende items:
Glasbottels, Kartonne, Papier, Tydskrifte en
Plastiek (plastiekproppies apart)
Plaas asb. die items in die ooreenstemmende houer vir herwinning.

Vrae

Goeie dag.

Ons het vandag 8/12/2019 geluister na die preek aanlyn op Facebook. Dit is wonderlik, as 'n mens nie goed voel nie, dat jy aanlyn na die preek kan luister. Ek het net een versoek, en dit is dat hulle asb die klank harder kan maak.

Nogmaals baie dankie dat ons dit aanlyn nou kan hoor. Geniet die dag.

Vrede en Groete.
Willem de Ronde

Beste Willem. Ons is baie dankbaar dat jul die uitsending geniet. Ons moet egter in gedagte hou dat die opname van die erediens maar 'n amateur-opname met eenvoudige toerusting is. Wanneer die volume van die opname te hoog gestel word, veroorsaak dit 'n suisgeluid in die kerkgebou. Met die huidige toerusting, boet ons ongelukkig volume in - jammer daaroor. Die Digitale bediening en klankoperateurs werk wel daaraan om 'n oplossing te probeer kry. ~ Kerkkantoor

Iets op die hart? Stuur jou vraag na ***admin@gkwapadrant.co.za***

LOMBKOR
CC No: 2008/244023/23
FSP Licence No: 12556

Tel: 082 657 1201 • Fax: 0866 425 087
Email: mariette@lombkor.co.za • Website: www.lombkor.co.za
7 Outeniqua, Furrow Road, Equestria

KORTTERMYNVERSEKERING
Oor 55 kwalifiseer vir Pensioenarisafslag
Geen makelaarsfooie
Geen bybetalings
Kontak my gerus vir 'n gratis kwotasie en hersiening.

Mariette Smit (082 657 1201)

'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer

Gebedsbediening

Hoe hou jy van jou koffie – warm of koud? Luidens Openbaring 3:15-16 dink ek meeste mense sal warm verkies. Dis is my gebed dat Wapadrant gemeente kokend warm sal wees vir Jesus vir 2020. Mag ons geesvervuld en met vreugde ons Here dien!

Eerstens spoor ek jou aan om vir alle mense te bid met smeking, voorbidding en danksegging (1 Tim 2:1 - 2). Daarom nooi ons jou uit om deel te neem aan die volgende aksies:

* Sondagoggend 8:10 in die Kapel – geleentheid om voorbidding te doen vir mekaar, die gemeente en ons land.
* GPS – bid vir diegene genoem in die 'Lief en leed' in gemeente – maak kontak met die mense indien jy kan.
* GPS – weeklikse gebedsprikkels is bedoel om gesinne en kleingroepe te help om saam te gesels en vir mekaar te bid.
* Hou die GPS en Maand-krant dop vir gebedstoerusting en ander gebedsaksies.
* Elkeen van ons het stories van gebede wat verhoor is. Kom ons deel dit met mekaar deur getuienisse te vertel of te skryf. Sluit ook jou foto's in!

Jesus sê in Johannes 14:13: "*Wat julle ook al vra in my Naam, dit sal Ek doen sodat die Vader deur die optrede van die Seun verheerlik word*."

"Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer, kom ons buig, kom ons kniel voor die Here ons Skepper!" (Ps 95:6).

Rig jou gebedsversoeke aan 0825703025 of e-pos na bidsaammetmy@gkwapadrant.co.za
~ Magda Prinsloo

Ditsem!

ek weet
ek ken God

Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal
jou op die regte pad laat loop.
Spreuke 3:6

Ek en jy as Christen wonder byna elke dag wat God se wil is. Nie altyd in soveel woorde nie, maar dis eintlik deel van ons lewenstyl. Wanneer jy 'n besluit moet neem of oor 'n saak twyfel, is dit tog belangrik om volgens God se wil op te tree. Maar, hoe weet jy wat God se wil is?

Die vraag na God se wil is so oud soos die mensdom self. In die paradys leer ons reeds 'n paar dinge oor God se wil. Die paradysmens was oopkop. Hy het so volkome in harmonie met God geleef, dat hy God se hartklop geken het. Adam en Eva het nooit met mekaar geredeneer oor wat die regte ding was om te doen nie. Hulle het geweet, want hulle het God geken. *Jy* kan ook.

(Uit: ditsem! Johan Smit)

Papier en Privaat Dokumentasie Vernietiging (Shredding)

Enige privaat dokumentasie of papiere wat jou kantoor of huis oor neem. Laat ons dit kom haal en vir jou vernietig.

The Shredder

Louis Jooste
082 495 2288

Alida Jooste
084 555 7201

"Essentially, the purpose of the Protection of Personal Information Act (POPIA) is to protect people from harm by protecting their personal information. To stop their money being stolen, to stop their identity being stolen, and generally to protect their privacy, which is a fundamental human right."

Die Bybelgenootskap

Die Bybelgenootskap herdenk sy 200ste bestaansjaar in 2020 – twee honderd jaar van Bybelwerk in hierdie land, van Bybels beskikbaarstel in die tale van ons mense en van hande vat met die Kerk in Suid-Afrika. Waarlik iets om voor dankbaar te wees.

Ons is opgewonde dat so baie kerkgenootskappe ingestem het om saam met ons 2020 as 'n *Jaar van die Bybel* saam met ons te vier. Die tema vir die jaar is *Die Bybel: Hoop vir almal*. Ons land het 'n groot behoefte aan hoop, en ons weet dat die Bybelse boodskap handel oor die lewende Hoop.
Om kerke te help om opnuut op die Bybel te fokus, stel die Bybelgenootskap die volgende hulpmiddels aan gemeentes beskikbaar:

* *Die Bybel: Hoop vir almal,* 'n gratis boekie om die waarde van die Bybel te beklemtoon, asook die unieke karakter en inhoud van die Bybel, hoe die Bybel ontstaan het, hoe om die Bybel te lees en vele meer. Dit sal vanaf vroeg Januarie 2020 beskikbaar wees.
* 'n Bybelleesplan om mense te help om die Bybel in een jaar deur te lees, beskikbaar vanaf vroeg Januarie 2020.
* 'n Reeks ekumeniese preeksketse. Die preke fokus op die Bybel en hoop vir almal. Dit is ons gebed dat predikante in hierdie versameling preeksketse ten minste een preek sal vind wat hulle sal help om die Bybelse boodskap van hoop gedurende hierdie spesiale *Jaar van die Bybel* aan hulle gemeente te bring. Hierdie versameling preeksketse sal gedurende Januarie 2020 in elektroniese formaat beskikbaar wees.
* 'n 40-Dae-Bybelstudie. Hierdie studie sal in die derde kwartaal van 2020 beskikbaar wees en meer inligting sal betyds gekommunikeer word.
* Bybel 2020 – 'n wêreldwye Bybelleesinisiatief wat gebruik maak van 'n toepassing waar mense hulself opneem met die lees van daaglikse teksgedeeltes in hul eie taal (kyk www.bible2020.org).

'n Fokuspunt van ons verjaarsdagvierings is die **2 Miljoen Bybels-projek**. Deur hierdie projek nooi die Bybelgenootskap alle Christene vir wie dit moontlik is, om ons te help om Bybelarmoede in ons land aan te spreek. Ons hoop om twee miljoen Bybels te versprei onder diegene in Suid-Afrika wat nie 'n Bybel kan bekostig nie. Die projek sluit ook die verspreiding van twee miljoen stelle Bybelgebaseerde geletterdheidsboekies vir grondslagfaseleerders in.

Wil jy dit nie asseblief oorweeg om van jou kant hierdie inisiatief te onderskryf nie? Indien elke kerkgenootskap of kerklike groep gedurende die *Jaar van die Bybel* die geskenk van een Bybel en stel geletterdheidsboekies per lidmaat aanmoedig, sal ons goed op pad wees om ons doelwit te bereik. Dit is ons gebed dat elke kerk in Suid-Afrika deel sal word van hierdie groot geleentheid om 'n Bybel, met sy boodskap van ewige lewende hoop, in die hande te plaas van iemand wat nie 'n Bybel kan bekostig nie en terselfdertyd kindertjies help om reeds op 'n vroeë ouderdom die Bybel te ontdek. Ons Organiserende Sekretarisse in die Streekkantore kan praktiese hulp in hierdie verband op gemeentevlak verleen.

Bid asseblief saam met ons vir die feesvieringe in die komende jaar en vir al ons planne om mense aan te moedig om op die *Bybel: Hoop vir almal* te fokus.

Voorspoedige Nuwejaar is ons wens vir jou en jou gesin.

Jou broer in Christus

DS DIRK GEVERS
UITVOERENDE HOOF

Teologiese skool

Rapport vanaf die teologiese skool te Potchefstroom:
Die Kerkraad het ‘n rapport ontvang vanaf die kuratore van die teologieseskool waarin hulle hoofsaaklik berig oor die huidige stand en moontlike toekomstige verhouding tussen die Universiteit van Noord-Wes en die Teologiese skool en oor die toekomstige samewerking. Dit blyk dat die verhoudings tans onder druk is en dit mag dalk lei tot ‘n skeiding. Indien enige lidmaat die volledige rapport wil hê kan dit aangevra word vanaf die Kerkkantoor.

HERNU VOERTUIG-
LISENSIES
BINNE 48 UUR



5% AFSLAG
daagliks vir
pensioenarisse

WAPADRAND 2019

Slaghuis van die Jaar

Maandag - Sondag | 06:00 - 21:00

NUWE DRANKPRODUKTE

0%
alkohol

"Wapadrand het vars kosse en verskeie produkte."

FRANSIE CROUS

VARS VLEISPAKKE | PEUSELHAPPIEBORDE | KOEKE

Bestel direk by Hendri
082 499 5461

CrossRoads Prison Ministries

Word ‘n mentor by CrossRoads Prison Ministries!

CrossRoads Prison Ministries is ‘n organisasie waar ‘n aantal Gereformeerde gemeentes betrokke is. Mentors van Crossroads Prison Ministries skryf aan gevangenes, sien Bybelstudielesse na en beantwoord enige vrae wat studente het. In die proses word beide student en mentor se lewe verander deur die Woord van God te bestudeer.

Hoe word ek ‘n mentor?
Stap 1: Die student skryf in by CPM en ontvang hulle eerste les.
Stap 2: Die student voltooi die les en gee dit terug aan die sendingwerker wat weekliks die tronk besoek. Die sendingwerker gee al die lesse aan die Crossroads-kantoor.
Stap 3: Die Crossroads-kantoor deel die lesse uit aan verskeie mentors in omliggende gereformeerde kerke.
Stap 4: Die kantoor stuur die les wat nagesien is weer terug aan die student saam met ‘n nuwe les om te voltooi.

As jy graag wil betrokke raak, stuur gerus ‘n WhatsApp-boodskap of ‘n e-pos aan die kantoor. Ons hou gereeld opleidingsgeleenthede vir nuwe mentors.

Bel of WhatsApp:
061 031 9498
E-pos: office@cpministries-sa.org.za

Terugvoer van die SDDS

22 NOVEMBER 2019

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geagte Voorsitter

TERUGVOER IVM DROOGTEHULP IN DIE NOORD-KAAP

Dit is met dankbare harte wat ons hierdie skrywe aan u rig. Dankbaar teenoor die Here, want ons het berig ontvang dat dit in sommige van hierdie droogtegeteisterde gebiede gereën het. Alhoewel die nood nog steeds groot is, is ons saam met hierdie boere bly en dankbaar vir die verligting wat die reën gebring het. Daar is egter nog rede om dankbaar te wees. Die reaksie wat ons uit die kerkverband ontvang het is voorwaar iets besonders. Ons is baie dankbaar teenoor elke lidmaat wat `n bydrae gemaak het. Hierdie bydraes, hoe gering ookal, het ons in staat gestel om werklik `n verskil te maak in baie mense se lewens.

Graag gee ons aan die gemeente terugvoering ivm die hulp wat ons tot nou toe kon verleen:

* Ons kon `n hele aantal boere help om agterstallige koshuisgelde van skoliere te betaal.
* Daar is 68 ton se pille (kos vir vee) aangekoop waarmee ons nagenoeg 45 boere in die Olifantshoek- en Postmasburgdistrikte kon bystaan.
* Deur die plaaslike diakonieë kon ons fondse beskikbaar stel om broodnood en ander dringende behoeftes aan te spreek in die gemeentes en gemeenskappe van Olifantshoek, Postmasburg en Calvinia.

Ons ontvang egter nog steeds navrae van gemeentes waar daar `n groot behoefte aan hulp is. Ons merk op dat die nood besig is om te groei en te verskuif van hulp aan diere na hulp aan mense. Dit is dus nie net meer 'n landboukrisis nie, maar dit raak toenemend 'n humanitêre krisis.

Daarom neem ons weer die vrymoedigheid om u te versoek om die nood in u gemeente bekend te maak met die oproep aan lidmate om aan die noodlydendes in die Noord-Kaap in hul gebede te dink.

Waar lidmate dit in hulle harte vind om ‘n bydrae te maak om die nood te verlig, versoek ons vriendelik dat diakonieë enige bydraes na die volgende rekening sal oorplaas:

Rekeningnaam: SDDS
Bank: ABSA
Rekeningnommer: 3330141750
Takkode: 632005
Verwysing: Droogtehulp

U broeder in Christus

Ds Fritz Potgieter (Voorsitter: SDDS)